

# PAARL-SKOOL / PAARL SCHOOL

**NUUSBRIEF 1/2023 / NEWSLETTER 1/2023**

## Vanuit die Skoolhoof se Kantoor

Na 9 jaar is dit amptelik my laaste inset in die kwartaallikse nuusbrief.

My eerste reaksie is dat dit ‘n ontsettende voorreg was om as skoolhoof by Paarl-skool te dien. Alhoewel my pa ook ‘n onderwyser en skoolhoof was, het ek my glad nie as skoolhoof gesien nie. Daarom die verbasing en oorweldigende besef van die groot eer wat oor my pad gekom het.

As ek in ‘n paar sinne my reis by Paarl-skool kan beskryf, sal ek graag by my voorgangers wil begin. Mnr. Ellis Barker, die eerste skoolhoof, het in die laat 70’s hom by ‘n leë dop bevind, geen leerders en geen personeel nie. Binne 10 jaar was Paarl-skool al ‘n sentrum van uitnemendheid. As beginneronderwyser in Gauteng, het ons al van Paarl-skool en die legendariese Ellis Barker gehoor. (Ek het natuurlik gedink dat Paarl-skool in die Paarl te vinde is – ek sou gesoek het, nê?!)

Na sewentien jaar het mnr. Johan Basson hom opgevolg. Mnr. Basson het natuurlik uiters hoog aangeskrewe gekom vanuit die Remediërende Skole-stal. Hy het as adjunkhoof by Lantern-skool vir hom naam gemaak toe hy ‘n nuwe skool in Randburg, nl. Deltaparkskool begin het. Sy kop het egter Kaap toe gestaan en het hy in 1996 hoof geword by Paarl-skool.

Tussen hierdie twee spesiale onderwysreuse het hulle diep spore en ‘n uitmuntende skool en bronnesentrum nagelaat. Soms was die spore so diep dat ek gestruikel het as ek die treë wou naboots.

My herinnering aan ons leerders is baie diep ingeëts in my geheue. Wat ek seker nooit sal vergeet nie, is Vrydae en Pêreldag se saalbyeenkomste waar ek bevoorreg was om die “Ou, ou tyding van Godsheil” te kon bring. My weeklikse kontak met die kinders en die sporadiese sportgeleenthede sal my altyd bybly.

Sonder om enige personeellid uit te sonder, wil ek net hulde aan die hele span bring. Paarl-skool is seker een van dié maklikste skole om te bestuur, omdat die uitgelese en geïnspireerde personeel, dit so maklik maak.

Gooi daarby die wonderlike Beheerliggaamslede en van dié beste WKOD senior amptenare en siedaar ‘n reuse suksesverhaal ontvou.

Ek het baie selde krone aan my vrou, Elsabé, gegee, maar sonder haar taal-, regs- en onderwyskennis sou ek ontsettend gesukkel het om die mas op te kom.

Saam met haar en my absolute vertroue in die Here Jesus, sou ek lankal die spreekwoordelike handdoek ingegooi het.

‘n Refrein van ‘n baie ou John Denver liedjie kom telkens in my gedagtes op as ek terugkyk na die afgelope 9 jaar, en dit vat my reis baie goed saam:

“Some days are diamonds, Some days are stones.”

Ek getuig laastens dat ek besef dat my Hemelse Vader by my was, al die soorte dae wat ek hier beleef het, daarom moet Hy al die eer kry.

Baie dankie vir die liefde en/of respek wat u my deurgaans gewys het. Dit sal my werlik vir baie lank bybly!



# Prefekte 2023

## Leierskapkamp

Die prefekte het die naweek van 20 - 22 Januarie op die jaarlikse prefekte kamp na Langebaan gegaan. Son, see, sand en vele leierskapaktiwiteite som die naweek goed op. Al die leerders was bereid om te leer en opgewonde om hul leierskapsvaardighede te ontwikkel. Ons sien uit daarna om te sien hoe die prefekte hierdie geleentheid vir groei vanjaar gaan aangryp.







## Prefekte reik uit

Paarl-skool se prefekte het 25 Januarie uitgereik na hoofstroomskole, spesifiek Laerskool Brackenfell, Totius en De Tyger. Prefekte van hiérdie onderskeie skole het die dag saam met ons deurgebring. Die dag het uit leierskapaktiwiteite bestaan en ons het ook vir hulle rolstoelbasketbal, slalom, boccia en ons assesseringsakkommodasie-lokaal gewys. Ons hoop dat elke leerder wat hier weggestap het, 'n stukkie van Paarl-skool se hart saamgeneem het en dit met die breër gemeenskap sal deel.

## Valentynsdagprojek

Paarl-skool se leerders het hiérdie kwartaal met nie-bederfbare produkte betaal om op Valentynsdag gewone klere aan te trek. Die prefekte wil graag elke ouer en personeellid bedank wie gehelp het met die skenking van produkte vir ons Valentynsdagprojek. Ons het altesaam 75 naweekkospakkies ingesamel en kon 'n groot verskil maak in die lewens van die leerders in Laerskole Eikendal en Simonsberg.

> We rise by lifting others.
> -Robert Ingersoll-





Savoya du Toit



Dominic Windvogel

# Hoofleiers

## EERSTE KWARTAAL

**TROTS** *op julle!*

# Waarde
## van die kwartaal

# RESPEK




Paarl-skool is 'n waarde-gedrewe skool en ons fokus elke kwartaal op een van ons vier kernwaardes om dit by ons leerders tuis te bring.

Leerders word aangemoedig om hierdie waardes op 'n daaglikse basis uit te leef. Rio die leeu is ons kenteken.

# Biddag vir Vroue

Vrydag 3 Maart 2023 het ons Wêreldbiddag vir vroue by Paarl-skool gehou. Sumarie Jordaan - oud-leerder en tans me. Dowe Suid-Afrika finalis - het vir ons kom kuier. Dankie Sumarie vir jou pragtige sang en bemoedigende boodskap van hoop en geloof!







# Landsdiens

Die Landsdiens skop die jaar af met twee heerlike kampe. Die laer- en hoërskoolleerders het in Wellington gekamp waar hulle nuwe maats ontmoet het en aan vele aktiwiteite deelgeneem het. Hulle het handwerk, speletjies, werksverwante en spandinamika aktiwiteite gedoen om nuwe vaardighede aan te leer. Natuurlik het die leerders ook lekker gedans, vuil geword, gesing en gelag! Ons sien uit na die nuwe jaar en al die avonture!









# Sport Hoogtepunte

## Kleuresport

Op 26 en 27 Januarie het die Rooi- en Blouspanne met ywer teen mekaar meegeding. Die opgewondenheid was groot en daar het goeie sportmangees geheers! Die atlete het hul bes gedoen en uitstekende resultate behaal. Dankie aan die ouers, grootouers en vriende wat ons atlete kom ondersteun het. Baie dankie aan die Paarl-skool personeel vir hulle harde werk en toewyding. Baie geluk aan die Rooispan vir 'n welverdiende oorwinning. Welgedaan!







| BEKERWENNERS - KLEURESPORT | |
|---|---|
| LSOB ATLETE | |
| Mini atleet van die dag Meisies 0/8 - 0/10 | Sioné Scholtz |
| Mini atleet van die dag Seuns 0/8 - 0/10 | Pieter Venter |
| Junior Victrix Ludorum 0/11 - 0/12 | Lee-Shay Meyer |
| Junior Victor Ludorum 0/11 - 0/12 | Armand du Toit |
| 0/13 - 0/14 Seun | Wikus Matthee |
| 0/15 Seun | Yusuf Hannibal |
| Senior Seun 0/16 - 0/18 | Dominic Windvogel |
| Beste Senior Veldatleet Seun | Yusuf Hannibal |
| Beste Senior Veldatleet Dogter | Savoya du Toit |
| Beste Gewigstoot | Wikus Matthee (Nuwe rekord) |
| Senior Victrix Ludorum | Mikayla Cloete |
| Senior Victor Ludorum | Yusuf Hannibal |
| PARASPORT | |
| Seuns 0/8 - 0/12 | Stiaan Louw |
| Dogters 0/8 - 0/12 | Roshé Harmslag |
| Seuns 0/13 - 0/15 | Chase Winshaw |
| Dogters 0/13 - 0/15 | Rethabile Njenge |
| Seuns 0/16 - 0/18 | Rechardt Koster |
| Dogters 0/16 - 0/18 | Lisa Kunday |
| Slalom Dogters | Kendhal Benting |
| Slalom Seuns | Moses Mohapi |
| Victrix Ludorum | Roshé Harmslag |
| Victor Ludorum | Rechardt Koster |
| WENSPAN | Rooi |

## Uurbyeenkoms

Groot pret by ons jaarlikse uurbyeenkoms! Dankie aan Jan Kriel, Vista Nova, Tafelberg en Hebron wat hier by ons kom deelneem het. Super trots op ons atlete!



## Penta Atletiekbyeenkoms

Penta Atletiek 2023. Wat 'n wonderlike geleentheid. Gasheer vir Dominikaanse Skool vir Dowes, Jan Kriel, Tafelberg en Vista Nova. Ons atlete het ons trots gemaak en ons het in die tweede plek geëindig! Baie geluk aan Jan Kriel met hul oorwinning! Super trots op Yusuf Hannibal en Tatum Steiner wat as junior Victrix en Victor Ludorum van die dag aangewys is. Dankie aan al die ouers vir hul ondersteuning asook ons wonderlike personeellede!




# LSOB Atletiek Kampioenskappe



Die Paarl-skool atlete het goed gevaar by die Weskaap LSOB Atletiek Proewe.
Baie geluk aan die volgende atlete met hul uitslae:

- **Tatum Steiner**: 100m, 200m en hoogspring - GOUD
- **Yusuf Hannibal**: 100m en diskus - GOUD
- **Seth Brown**: 100m en 200m - GOUD
- **Kiara Swartz**: 100m en hoogspring - SILWER
- **Mikayla Cloete**: 100m - SILWER
- **Ruwhaan Fielding**: 100m - BRONS
- **Gift Gxilishe**: 3000m - BRONS






Die Wes-Kaap Hoërskool en LSOB-kampioenskappe het op 17 en 18 Maart 2023 in die Paarl plaasgevind. Atlete van Boland, Sentraal-Karoo, Eden en WP het meegeding om 'n plek in die Wes-Kaapspan te behaal. Baie geluk aan die volgende medaljewenners:

- **Seth Brown**: 100m - GOUD, 200m en hoogspring - BRONS
- **Kiara Swartz**: 100m en hoogspring - GOUD
- **Tatum Steiner**: hoogspring - SILWER, 100m en 200m - BRONS
- **Yusuf Hannibal**: diskus - SILWER, 100m - BRONS

Hierdie atlete is ook gekies vir die Wes-Kaapspan wat vanaf 2 - 5 April 2023 in Germiston gaan deelneem aan die Suid-Afrikaanse Hoërskool en LSOB-kampioenskappe. Me. Ronel van Dijk sal die span as die Wes-Kaapse LSOB bestuurder vergesel.



# Swem

Paarl-skool het op 23 Februarie 2023 ons jaarlikse swemgala gehou. Anders as voorheen, was dit hierdie jaar nie 'n interhuis gala nie, maar net 'n lekker Paarl-skool swemgala. Ons swemmers het pragtig geswem en dit baie geniet. Selfs ons personeel het hul items suksesvol, dog uitasem, voltooi. Baie geluk aan elke swemmer en veral aan die volgende trofee-wenners:






Vrydag, 24 Februarie 2023 het Paarl-skool se O/13-O/16 swemmers deelgeneem aan die jaarlikse interskole gala by Tafelberg Skool. Ons leerders het hierdie geleentheid aangegryp en elke slag van hul individuele items geniet. Baie geluk en dankie aan ons swemmers en beamptes. Dankie aan ons wonderlike oueropkoms.

# Nuus uit die fases

## Voorskoolse Fase

Die Voorskoolse Fase het die jaar goed afgeskop met 'n pretdag. Die leerders het lekker gespring en baljaar op die springkasteel en het die dag afgesluit met 'n heerlike koue roomys! Groot opwinding het geheers toe ons gaan swem het in die groot swembad. Dit kinders het dit baie geniet!







## Grondslagfase

Reënboogkolwyntjies, lekkers en roomys, dans en helder sonskyndae by die swembad! Klink soos 'n droom, nê? Wel ... die Grondslagfase het dit alles en nog meer hierdie kwartaal beleef. Ons Pret-gala het sy naam gestand gedoen en die leerders het soveel PRET in die swembad gehad! Ons het ook 'n fantastiese koekverkoping gehou om fondse in te samel. Die leerders is bederf met kolwyntjies, koeke, lekkers en alles wat lekker is.





Ons groet vir Sonja Goldberg na 14 jaar, waarvan sy 9 jaar Departementshoof was in die Grondslagfase by Paarl-skool. Sonja was 'n geliefde juffrou, kollega, vriendin en mentor. Sy gaan verseker gemis word! Baie dankie vir al jou harde werk en liefde vir ons kinders! Mag jy 'n geseënde aftrede hê!



## Funksionele Fase

Die leerders in die Funksionele Fase het met opgewondenheid uitgesien na hulle eie swemgala. Op 2 Maart 2023 het die dag uiteindelik aangebreek en almal het gereedgemaak met hulle swemklere, vlerkies, tjoopies, swempette en swembrille. Leerders in rostoele het dit so geniet om in die swembad te swem met die hulp van ons assistente. Ouers het ook die geleentheid bygewoon. Dit was vet pret vir almal. Volgende jaar doen ons dit weer.





# Intermediêre Fase

> You have brains in your head.
> You have feet in your shoes.
> You can steer yourself in any
> direction you choose.
> - Dr. Seuss -

Die eerste dag in graad 4 is met groot afwagting en bietjie onsekerheid deur die leerders begroet. Gelukkig het hulle die Intermediêre Fase in 2022 besoek om hulself te vergewis. Met die lui van die skoolklok het hulle na hul rye gehaas met groot oë vol opgewondenheid, nuwe potlode in hul sakke en kosblikke vol lekkernye. Gelukkig het die bekendheid van hul maats se opgewonde gesigte hulle gerusgestel. Hulle het besef: "Graad 4 gaan interessant en opwindend wees en 2023 gaan 'n jaar vol leergeleenthede wees wat hulle in positiewe rigtings gaan stuur."







# Senior Fase

Grace Kelly, 'n prinses van Monaco in die mid-1950's, het gesê: "Pêrels lê nie sommer op die strand rond nie, as jy dit wil hê, moet jy baie diep daarvoor gaan duik." Ons Senior Fase-leerders werk ook baie hard aan elke sukses; akademie, sport, kultuur, leierskap, maar ook ons algemene gedrag. Om ander met respek te behandel, (ons waarde vir die kwartaal) kom nie vanself nie. Daarom beloon ons graag suksesvolle leerders met Pêrelklub-lidmaadskap. As onderwysers 'n leerling vang goed doen, word hulle dadelik beloon met 'n handtekening.

Vir dieselfde rede het ons hierdie kwartaal 'n anti-boeliegedragslagspreuk bekendgestel: "See it, say it, sorted." So ook het ons prefekte gereeld uitreike en is ons Christengroepie se slagspreuk: "Dien eerder as om bedien te word." Dieselfde "hard-werk-beginsel" is ook vroeg hierdie jaar met ons graad 9's gedeel. Weens hul onbekende toekoms, moedig ons hulle aan om hul BESTE te gee en dat drome nie vanself waar word nie. Jy moet hard werk daarvoor.

Selfs ons siekste maat, Aloshay Arendse, wat nou al vir haar derde maand in die hospitaal is, het ons vroeg-vroeg laat weet: "Stuur asseblief my werk hospitaal toe, ek wil nie agter raak nie." Wat 'n voorbeeld!

Ons Senior Fase-leerders duik beslis diep vir hulle pêrels! Ons is bitter trots op hulle!







## Werksvoorbereiding

Die Werksvoorbereiding leerders was die afgelope kwartaal baie besig in die nuwe Vaardigheidsklas in die Funksionele Fase. Hier leer ons leerders om praktiese vaardighede toe te pas en kry hulle blootstelling aan verskeie aktiwiteite. So word ons leerders gereed gemaak om eendag na skool die wêreld van werk te betree met die nodige vaardighede en selfvertroue.



Skoonmaak en organisasie van terapie-apparaat.



Opruim en skottelgoed was na 'n koffiewinkel.



Ontwerp advertensies vir die verkoop van produkte.



Karwas

# Paarl-skool Ontwikkelingstigting

Die Paarl-skool Ontwikkelingstigting (PSOS) is 'n geregistreede nie-winsgewende organisasie om fondse uitsluitlik vir Paarl-skool in te samel. Alle donasies is belastingaftrekbaar en B-BEE punte kan ook verdien word.

### Sosiale media

Volg asseblief die Paarl-skool Ontwikkelingstigting se Instagram- en Facebookblad.
Help ons om dit te laat **GROEI**: "like", "share" en lewer (positiewe) kommentaar op ons plasings. Dit gaan ons help om 'n goeie bemarkingsplatform (as 'n dankie-sê) vir ons donateurs te skep.

Paarl Skool School Ontwikkelingstigting Development Foundation – Instagram

Paarl Skool School Ontwikkelingstigting Development Foundation – Facebook

### Wynveiling, 24 Mei 2023

Tafels is beskikbaar teen R3200 per tafel (10 persone), of individuele kaartjies teen R320. Dit sluit 'n driegang ete, wyn op die tafel, asook 'n kort vertoning deur die SAMA-genomineerde a cappella groep, 8 Misses Croon in.
Nooi gerus u kollegas, vriende en familie. Kontak vir **Martie Wilmot** by ontwikkeling@paarlskool.org.za vir besprekings of hulp met wynskenkings/ander goedere/dienste wat opgeveil kan word.



# Ons groet ons skoolhoof

## J.N.C Kruger

> “Hulle is ‘n gids; hulle help ons om op die regte pad te bly.
> Hulle is ‘n wag; hulle beskerm ons harte en liggame.
> Hulle is ‘n maatstok; hulle stel ons in staat om te evalueer waar ons is.
> -John C Maxwell-”

Johannes Nicolaas Christoffel Kruger, oftewel “Meneer Stoffel“ het op 22 Maart 1958 sy eerste lewenslig aanskou. Hy was eers verbonde aan die SAPD voordat hy besluit het om onderwys te studeer. Sy ervaring in die hoofstroom en spesiale onderwys het van hom ‘n kenner op vele gebiede binne die opvoedkunde gemaak, terwyl sy agtergrond in die polisiediens van hom ‘n persoon gemaak het wat regspraak kan lewer. Dit het hy altyd met groot omsigtigheid gedoen.

Hy begin as skoolhoof by Paarl-skool in 2014. Met sy uitnodigende en omgee manier van dien, het hy daagliks hulp, raad en ondersteuning aan leerders, ouers, mede-kollegas, skoolhoofde en die Distrik gebied. Sy unieke diplomasie en visie “die kind wat die naaste aan my lê is die kind in nood” het hom daagliks geïnspireer en doelgerig laat lei.

Hy besit die vermoë om probleme langs die pad in geleenthede te omskep. Hy het die Paarl-skool koshuis- en adminpersoneel, opvoeders, terapeute, klashulpe, fasiliteerdes en grondewerkers met deernis bestuur. Hy besit die vermoë om met betekenisvolle gesprekke te inspireer en te motiveer.  Mnr Kruger se passie vir beginner onderwysers het dikwels gelei tot kosbare een-tot-een motiveringsessies met verskeie personeellede.

Hy het veral saalbyeenkomste gebruik om leerders aan te moedig om volgens die skool se waardes van respek, verantwoordelikheid, omgee en moed te leef. Met Bybel in die hand dra hy die boodskap wat op sy hart gelê is aan die kinders oor. Hy deel graag sy eie lewenservarings, soms sy pa se wyshede en stories uit sy grootwordjare, om leerders te motiveer en te inspireer. Sodoende het hy ‘n besonderse persoonlike verhouding met die leerders opgebou en soms ‘n plaasvervangende ouerrol vervul.

Mnr Kruger se humor, vriendelikheid, meelewendheid, integriteit, bedagsaamheid en ongelooflike respek vir alle mense, het van hom ‘n besondere leier gemaak. Beslis ‘n navolgenswaardige voorbeeld vir elkeen. Sy besonderse kommunikasievermoë en interpersoonlike verhoudings het daartoe aanleiding gegee dat die verskillende rolspelers in die liggame baie effektief saamgewerk het.

Mnr. Kruger se leidende rol in die Skoolbeheerliggaam en Skoolbestuurspan om strategiese doelwitte vir Paarl-skool in terme van beleide, die opstel van kontrakte en die uitbreiding van die Skool Ontwikkelingsplan in aksie te plaas, was van onskatbare waarde.

Hy het vir ons die volgende geleer: die belangrikheid daarvan om ‘n veilige hawe vir leerders sowel as personeel te skep, om ons “langsamerhand te haas”, om altyd waardering te toon en opregte dank uit te spreek. Sy afhanklikheid van God, veral ten opsigte van Paarl-skool, sal ons altyd bybly.



Waar dit tyd geword het om die tuig neer te lê, weet ons dat hy steeds met net die aangenaamste herinneringe sal terugdink aan Paarl-skool. Ons, sy vriende, kollegas en personeel wens hom ‘n lang en geseënde uitspantyd toe - nou sal daar tyd wees om sy drome uit te leef.